

Vrae aan die gesamentlike likwivateurs van Mirror Trading International

1. Hoekom is die MTI-skema gelikwideer?

Twee Suid-Afrikaanse beleggers wat onderskeidelik sowat R350 000 en R1 miljoen in die skema belê het, het begin snuf in die neus kry dat hulle nie hul geld sal kan terugkry nie. Een van hulle het hom toe einde verlede jaar tot die hof gewend.

Dit het gevolg nadat verskeie beleggers wêreldwyd, veral die in Amerika, reeds vroeër vrae begin vra het en MTI juis middel 2020 deur die reguleerders in Amerika en Kanada as onwettig uitgewys is.

MTI, wat die belofte van “uitstekende” opbrengste vir beleggers via ’n Bitcoin-platform gedoen het, sowel as ruim kommissies vir die werwing van nuwe lede, is einde verlede jaar voorlopig gelikwideer. Dit nadat ook die mark-reguleerder vir finansiële dienste, die FSCA, gesê het dat dit ’n onwettige operasie is wat kliënte mislei en die wet oortree.

’n Voorlopige likwidasiëbevel is in die Hooggeregshof in Kaapstad op Dinsdag, 29 Desember 2020 toegestaan.

Die Meester van die Hooggeregshof het vyf likwivateurs aangestel om beheer oor die bates en laste van MTI te neem om vas te stel wat in die onderneming gebeur het en om die fondse terug te vind.

Op 30 Junie 2021 is die entiteit finaal in die Kaapse Hooggeregshof gelikwideer.

2. Wat is die funksie en magte van ’n likwivateur

’n Likwivateur word wetlik deur die Meester van die Hooggeregshof aangestel wanneer ’n entiteit gelikwideer word. Magte word binne die wetlike raamwerk van algehele aanspreeklikheid aan ’n likwivateur toegeken, waardeur verskeie pligte afgewentel word, wat ook insluit:

- Konsultasie/ontmoeting met die maatskappy se skuldeisers (individueel of gesamentlik);
- Insameling van alle inligting rakende die eise van die skuldeisers (insluitend die ontvangs van sodanige bewys-aansprake);
- Alle roerende en onroerende bates aan die entiteit te herwin en in besit te neem (dit moet so spoedig moontlik na aanstelling gedoen word); en
- Om die bates van die maatskappy tot die maksimum voordeel van wettige belanghebbendes (insluitend skuldeisers) te realiseer.

Die likwivateur moet ten alle tye alle inligting wat deur die wet vereis word, aan die Meester van die Hooggeregshof voorsien en die Meester op hoogte hou van die vordering van die likwidasiëproses.

Verder moet likwivateurs ten alle tye met die grootste deursigtigheid en integriteit optree.

3. Wie is die likwivateurs

Die likwivateurs is vyf individue wat professioneel gekwalifiseer is en uitgebreide ervaring het in hul werk as insolvensiepraktisyns. Die vyf is Riaan van Rooyen, Herman Bester, Jacolien Barnard, Christopher Roos en Deidre Basson.

Niemand kan as 'n likwivateur optree as hy nie binne die regstelsel by die Meester geregistreer is nie, waar sulke groepe se bona fides reeds volledig geverifieer is.

4. Wie is die “wenners” en “verloorders” waarvan gepraat word?

Alle betrokkenes by 'n entiteit word volgens spesifieke en aanvaarde regs-benamings geklassifiseer, soos byvoorbeeld die direkteure, amptenare, debiteure en krediteure. In algemene spreektaal word daar egter verwys na “wenners” en “verloorders” wat in 'n skema belê het. In MTI se geval (wat bewysbaar as 'n twyfelagtige skema gefunksioneer het, soos byvoorbeeld gegrond op ook die feit dat die baasbrein Johann Steynberg soos 'n speld verdwyn het die oomblik toe sommige beleggers snuf in die neus gekry het en nie geld kon onttrek of van hul beloofde opbrengste ontvang het nie), word daar juis in algemene spreektaal 'n growwe onderskeid gemaak tussen wie die “wenners” is en wie die “verloorders” is.

Breedweg word die “wenners” geklassifiseer as diegene wat 'n onregmatige voordeel gekry het op grond van die twyfelagtige skema, hetsy dit onrealistiese wins-opbrengs was of opgeblase kommissies op grond van verwysings of eenvoudige bedrog en fiktiewe transaksies. In die geval van ander Ponzi-skemas, soos die etlike wat al oor die jare gelikwideer is, sou sommige van die sogenaamde “wenners” gewoonlik die baasbreine en hul meelopers wees wat aanvanklik alle nuwe beleggings op 'n manier na hulself gekanaliseer het.

Oor die algemeen sal die “verloorders” juis die beleggers wees wat later – veral kort voor die ineenstorting – hul geld belê het. Nogtans kan daar ook verskeie “verloorders” wees wat juis vroeg in die skema belê het, maar nie in die binnekring van “voordeel” (onregmatige begunstiging) van die baasbreine was nie.

Die “verloorders” is gewoonlik beleggers wat 'n rat voor die oë gedraai is deur die baasbreine wat probeer aanvoer het alles wat hulle doen, is wetlik, terwyl die teenoorgestelde waar is.

5. Hoekom is dit in my belang om met die likwivateurs te korrespondeer?

Enige geaffekteerde party, maar juis die “verloorders” het die geleentheid om 'n eis by die likwivateurs te registreer. Die likwivateurs word verplig om spesifieke beleggings ten volle na te spoor en op grond van wat in die algehele skema herwin word, op 'n pro rata-beginsel aan wettige “verloorders” (krediteure) uit te keer.

In die geval van MTI is dit klaarblyklik die modus operandi van sommige van die baasbreine om “verloorders” 'n verdere rat voor die oë te probeer draai deur beleggers

aan te moedig om nie eise by die likwidadeurs te laat registreer nie. Verder word elke truuk in die boek deur sommige geprobeer om die onwettig-verklaring (deur 'n hof wat na alle feite sal moet kyk) te verhoed, deur onder meer die struktuur van MTI as houermaatskappy en die beleggersklub as geheel en al 'n afsonderlike entiteite te probeer voorhou.

6. Hoeveel Bitcoin in randwaarde is reeds opgespoor?

Die likwidadeurs het 1281 Bitcoins gevind en onmiddellik verkoop aangesien dit die plig is van likwidadeurs om bates likied te maak eerder as om met instrumente wat se waarde (daagliks) fluktueer, te spekulereer.

Die likwidadeurs het in die stadium reeds hul magte laat uitbrei deur die Hof. Die likwidadeurs het ongeveer R 820 000 gemiddeld per Bitcoin gekry waarna die prys tot amper R400 000 gedaal het.

Intussen het die likwidadeurs 'n verdere aantal Bitcoins ('n paar duisend) geïdentifiseer waarvan hulle in die proses is om vas te stel of dit gerealiseer en gevorder kan word binne die likwidasiëproses.

7. Wat is die waarde van my individuele belegging in die skema?

'n Belegger se eis is gelykstaande aan die bedrag wat hy of sy verloor het, uitgedruk in Suid-Afrikaanse rand. Dit beteken die verskil tussen die waarde van die aanvanklike belegging minus die waarde van enige onttrekking (die waarde soos op die tydstop toe die belegging en onttrekking onderskeidelik gedoen is). Beleggers met bewysbare eise sal dan toegang deur die likwidadeurs kry om hul spesifieke belegging na te spoor. Die likwidadeurs het reeds 'n databasis opgestel van beleggings wat hulle kon naspoor, maar dit is nog nie volledig nie.

Die proses van eise wat by die likwidadeurs aangemeld word, sal die proses van nasporing versnel om vas te stel wat van elke individu se belegging geword het en wat die waarde is. Deur 'n eis aan te meld, is soos om 'n vermiste legkaart-blokkie te oorhandig wat dan eindelijk 'n geheelbeeld vorm.

8. Watter dokumente het ek nodig om 'n eis te registreer?

Skuldeisers met ondersteunende dokumentasie, soos byvoorbeeld leesbare skermgrepe van hul MTI-handelsrekening asook bewyse van die datums en die hoeveelheid geld/Bitcoins wat hulle aan MTI betaal het, asook skermgrepe van hul Bitcoin-beursie waaruit dit gestuur is, sal die proses help. Hoe meer die gedetailleerde inligting is wat deurgegee word, hoe makliker sal die proses verloop.

Tog is die likwidadeurs ook daarvan bewus dat daar sommige beleggers is wat nie noodwendig toegang tot 'n rekenaar gehad het nie, maar deur middel van 'n tussenganger gewerk het, wie se spesifieke omstandighede ook nagespoor kan word op grond van alle inligting wat oorgedra word.

9. Wat gaan dit my kos en gaan ek moet inbetaal?

Om as 'n skuldeiser jou eis te bewys, is gratis. Geen “verloorder” sal verdere geld moet inbetaal vir hierdie doel nie.

Die proses het juis ten doel om gelde te vorder van die “wenners” wat voordeel getrek het, selfs onwetend, en daardeur verryk is ten koste van ander. Bedrae wat so gevorder word, sal op 'n pro rata-grondslag aan die “verloorders” (beleggers wat verkul is) terugbetaal kan word.

10. Wat is die volgende stap in die regsproses.

Woensdag, 8 September 2021 is die volgende belangrike datum in die regsproses. Dit is die hofdag wat geskeduleer is vir die aansoek van die likwidateurs dat die skema as onwettig verklaar word. Dit is nie 'n lukrake proses nie, maar 'n hofbeslissing op grond van alle relevante feite wat voorgelê sal word. Dit is waar die kaf van die koring geskei word en die “rook-en-spieëls” – wat so kenmerkend van Ponzi- en/of piramideskemas geword het - ontbloot word.

11. Hoekom verskil hierdie skema van die vorige skemas waar “verloorders” moes wegstap met niks?

Die vinnige reaksie deur die likwidateurs en hul regs-adviseurs om hulle magte uit te brei en die hulp aan te vra van die FSCA, asook om forensiese spesialiste aan te stel, het bygedra tot die suksesvolle herwinning van 'n gedeelte van die Bitcoins.

Die informasie en dokumentasie wat die likwidateurs kon opspoor deur die hou van insolvensie-ondervragings kon bydra tot waardevolle inligting wat gaan help met die terugvordering van fondse tot voordeel van die “verloorders”.

12. Wie kan ek kontak met verdere vrae?

Stuur vrae aan: **MTIclaims@investrust.co.za**